PERSVERKLARING

Senwes kondig rekord-syfers in eeufeesjaar aan

Senwes se eenhonderdste bestaansjaar word vanjaar gevier met die aankondiging van 'n rekord-omset en winssyfer as deel van die wins gewendste jaar in die geskiedenis van dié agri-besigheid.

Die resultaat vir die jaar tot 30 April 2009 trek die omsetskaal op R11,2 miljard (+ 46%) wat omgesit is in 'n wins van R368 miljoen (+ 110%).

"Die afgelope jaar se gunstige landbouseisoen het 'n gesonde basis geskep vir die resultaat. Dit het die momentum verskaf sodat 'n stewige prestasie gelewer kon word deur beide Insetverskaffing en Marktoegang, met sterk ondersteuning deur Kredietverskaffing. Vanjaar is dit opnuut bewys dat Senwes se sakesukses gesetel is in sy fokus op kernbesigheid en die uitbou en versterking daarvan. Gepaste geleenthede wat beide geografiese en kommoditeit-uitbreiding bied, kan sakesukses verder verhoog en markaandeel uitbrei, wat kan lei tot die verdere veredeling van aandeelhouerswaarde," het mnr Johan Dique, besturende direkteur, gesê.

"Hierdie uiters bevredigende resultaat is die kulminasie van die destydse omdraaiproses, implementering van strategie, fokus, uitbou van die kernbesigheid, doelgerigte leiding deur die direksie en die vlak van eienaarskap wat deur personeel gedemonstreer is. Ons gee hiermee erkenning aan al ons voorgangers se harde werk, toewyding en insig en terselfdertyd ook aan ons huidige belanghebbendes," het hy bygevoeg.

TOEKOMSBLIK

Die vooruitskouing van die komende finansiële jaar is positief ondanks die onsekere wêreldwye ekonomiese toestande. Die verwagte impak op die landbou- en voedselsektore en sy afgeleide kommoditeite is tot 'n mindere mate blootgestel aan die geweldige afswaai wat deur ander sektore beleef word. Met die gesonde besigheidsbasis as grondslag beoog Senwes die verdere uitbou van bedryfseffektiwiteit na uitstaande vlakke; groter mededingendheid van pryse, verhoogde diens en skerper fokus.

Aanpassing en verandering bly egter die norm vir oorlewing en groei in landbou. In tye van stabilisasie moet dit raakgesien en erken word. In hierdie tye behoort Senwes en sy produsente die gordel stywer te trek en produktiwiteit daadwerklik verhoog.

'n Finale dividend (No. 16) van 30 sent per aandeel is verklaar, onderhewig aan bekragtiging deur aandeelhouers op die algemene jaarvergadering.

Sleutelsyfers

Wins na belasting	R368 miljoen	+ 110,3%
Verdienste per aandeel	203 c per aandeel	+ 112,1%
Opbrengs op openingsekwiteit	43,6%	+ 21,2%
Opbrengs op totale bates	26,0%	+ 10,2%
Finale dividend voorgestel	30 c per aandeel	

Ander hoogtepunte

- Somer-produksiekrediet groei wesenlik
- Beduidende groei in markaandeel van meganisasie, handelswinkels en graanontvangste
- Benutting van positiewe landbousiklus spesifiek ten opsigte van heelwerktuigverkope, insetmiddele en graanvolumes
- Ondanks beduidende groei in besigheidsbasis het die balansstaat slegs marginaal gegroei wat dui op verhoogde effektiwiteit

EINDE

UITGEREIK DEUR INFOWORKS OP 1 JULIE 2009
Johan Smit
Tel: +27 18 468 2716
Sel: 082 553 7806
johan@infoworks.biz

NAMENS: Steven Alberts
Direkteur: Finansies van Senwes
Tel: +27 18 464 7549
steven.alberts@senwes.co.za

www.senwes.co.za